

VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag

1. Aan wie het die engele verskyn?
2. Wat het hulle gesê?
3. Wat moes sy naam wees?
4. Wat beteken dit?



Dinsdag

1. Hoekom was Johannes “anders”?
2. Wat was sy werk?
3. Vir wie het hy gewerk?
4. Was dit `n belangrike werk?



Woensdag

1. Wat aan jou is “anders”?
2. Noem almal in die huis en wat “anders” is aan hulle?
3. Hoe kan jy God dien met jou “andersheid”?
4. Wat maak jou uniek?



Donderdag

1. Noem nog mense in die Bybel wat God gebruik het vir Sy werk?
2. Kan jy te jonk wees om vir God te werk?
3. Wat het jy die week vir God gedoen?
4. Wat se werk wil jy nog eendag vir God doen?



Luk 1: 5-25

Mense wat vreemd of anders is, is uniek

Psalm 139:14: “Ek loof U omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is U werke! En my siel weet dit alte goed.”

Het iemand jou al uitgelag omdat jy anders is? Wat sal jou maatjies sê as jy sprinkane in jou kosblik het? Ons lees in die Bybel van iemand wat sprinkane en heuning geëet het en in die veld gebly het. Die snaakse man was Johannes die Doper.

Sy pa en ma was al baie oud toe `n engel eendag aan sy pa verskyn het. “Jou gebed is verhoor, Sagaria. Jou vrou, Elisabet, gaan `n seun hê en jy moet hom Johannes noem. Baie sal bly wees oor hom. Hy sal vol van die Heilige Gees wees van voor sy geboorte af en hy sal baie van die kinders van Israel laat terugdraai na hulle God toe.”

En so was dit ook! Johannes was maar net anders van die begin af. Hy het snaakse klere gedra en snaakse kos geëet. Hy het hom nie gesteur aan wat mense van hom gedink het nie. Hy het snaakse dinge gesê en mense in water gedoop. “Bekeer julle!” het hy geroep, “want die koningsheerskappy van God het naby gekom.” Dit was alles omdat die Here vir hom `n belangrike werk gehad het: Hy moes `n pad maak vir Jesus, die Seun van God; hy moes mense vooraf vertel dat Jesus sou kom. Johannes was uniek, omdat niemand anders dieselfde werk as hy gehad het nie.

Al lewe Johannes die Doper vandag nie meer nie, is mense nou nog bly oor die belangrike werk wat hy vir God gedoen het.

Jy is ook anders as enige van die sewe biljoen ander mense op aarde, omdat die Here vir jou `n spesiale werk het. Jy is uniek! Wees bly daarvoor. Daar is niemand soos jy nie!

Ek loof U, Vader, omdat U my so vreeslik wonderlik gemaak het!

Dankie dat ek uniek is. Ek weet U het `n spesiale werk vir my!

AKTIWITEIT VIR DIE WEEK

